higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

GRAFIESE ONTWERP
NKR VLAK 4

17 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 B
1.2 B
1.3 C
1.4 D
1.5 D
1.6 A
1.7 C
1.8 D
1.9 A
1.10 D

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Waar
2.2 Waar
2.3 Onwaar
2.4 Onwaar
2.5 Waar

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

3.1 E
3.2 G
3.3 C
3.4 A
3.5 H
3.6 I
3.7 B
3.8 D
3.9 J
3.10 F

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

4.1 Leesbaar
4.2 Letterspasiëring
4.3 Verdwynings-
4.4 Karikatuur
4.5 Negatiewe

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Die logo skep ’n E ✓ met die negatiewe ruimte en dan ’n D ✓ met die swart voorwerp (die maatskappy se voorletters).
Die logo lyk ook soos ’n kragprop ✓ – wat slim is omdat dit die logo vir ’n elektriese toestelle maatskappy is.

5.2 Die ruimte tussen die hoofletter E en kleinletter x skep ’n pyltjie.✓
Dit is belangrik omdat dit spoed en beweging/rigting na vorentoe aandui,✓ dit stem perfek ooreen met die maatskappy se sakemodel – koerierdienste.✓

5.3 Die geel kromme wat in ’n pyltjie eindig dui rigting aan ✓ – en dit begin baie slim met ’n a en eindig met z – ’n speling op hulle treffrase 'Amazon bied alles, van A tot Z.'✓
Die kromme impliseer ’n glimlag en tevrede klante, dus verteenwoordig dit die waarde van goeie kliëntediens.✓

5.4 Die ruimte tussen die F en die rooi lyne skep ’n versteekte '1'.✓
Die rooi lyne toon beweging en spoed – in ooreenstemming met ’n wedrenmaatskappy. ✓
Die hele logo lyk soos ’n waaiende vlag – vlae word op baie maniere gedurende motorwedrenne gebruik.✓

5.5 Die 'O' van 'tour' en die geel son vorm fietswiele.✓
Die 'R' van 'tour' + die swart kol vorm ’n figuur wat oor die twee wielsirkels in die houding van ’n fietsryer gebuig is.✓
Die geel + informele fontstyl skep ’n prettige en moderne atmosfeer – in ooreenstemming met die styl van die Tour de France-fietswedren. ✓

(5 × 3) **[15]**

VRAAG 6

6.1
a. Die font lyk soos ’n aangepaste sans-serif.✓
b. Die ontwerp is in drie dimensies met ’n blou belynde agtergrond.✓
c. Die maatskappy is gefokus op die jeug en wetenskap, innoverend en modern.✓
d. Die teikenmark of besoekers aan die uitstalling was waarskynlik skoolgaande studente.✓
(Enige redelike verduidelikings in student se eie woorde aanvaarbaar)

6.2
a. Die fonts lyk klassiek, uit ’n ander era – verskeie style word verteenwoordig.✓
b. Die kleurpalet is baie beperk, helder en vang die oog. ✓
c. Die maatskappy stel die waardes van die verlede op prys, maar is ’n moderne, innoverende maatskappy. ✓
d. Die ruimte lyk soos ’n kantoor – baie modern en minimalisties. Die mense wat daar werk, is intelligent, jonk met ’n goeie opvoeding. ✓
(Enige redelike verduidelikings in student se eie woorde aanvaarbaar)

6.3
a) Skoon, regop sans-serif ✓
b) Die kleure is nogal helder en jeugdig vir liggingsborde in ’n gebou – dit lyk vars en optimisties. ✓
c) Die universiteit is modern en die doel is om hulle studente te verwelkom en akkommodeer. ✓
d) Hulle is vol energie en optimisme, jeugdig en miskien ’n bietjie nie-konformisties. ✓
(Enige redelike verduidelikings in student se eie woorde aanvaarbaar)

6.4
a) Skoon, modern, vetgedrukte sans-serif. ✓
b) Die ontwerp is baie helder, wat by die ontwerp van die interieur pas – duidelike swart, wit en helder oranje. ✓
c) Die maatskappy is eksklusief, hoë-energie en manlik. ✓
d) Die ruimte lyk soos ’n gimnasium – die styl is manlik, dus aanvaar ek dat dit hoofsaaklik jong, gesondheidsbewuste mense sal lok. ✓
(Enige redelike verduidelikings in student se eie woorde aanvaarbaar)

6.5
a) Vetgedrukte sans-serif – waarskynlik ’n weergawe van Helvetica. ✓
b) Die oorgrote syfer en helder maar beheerde kleure en helling trek aandag. ✓
c) Die maatskappy is korporatief, tog modern. ✓
d) Die ontwerp is duidelik, formeel, modern en kleurvol – dit lyk of dit op jonger mense gemik is. ✓
(Enige redelike verduidelikings in student se eie woorde aanvaarbaar)

(5 × 4) **[20]**

VRAAG 7

7.1
- Die ontwerper het ’n baie beperkte, sterk kleurpalet met slegs wit/grys, swart en ’n helder blou. Dit verenig die ontwerp. ✓
- Al die beelde is in grysskaal. Dieselfde twee fonts word op elke skyfie gebruik. ✓
- Sommige grafiese middele word op die skyfie herhaal. ✓

(Enige redelike verduidelikings in student se eie woorde aanvaarbaar)

7.2
- Die afwisselende blou en wit blokke skep ’n interessante effek. ✓
- Die beelde is binne die nou handelsmerkkleure. ✓
- Die gebruik van dieselfde reeks sterk, skoon fonts en skoon 'negatiewe' ruimte bring eenheid. ✓

(Enige redelike verduidelikings in student se eie woorde aanvaarbaar)

7.3
- Die beperkte kleurpalet (swart, wit en groen) verenig die ontwerp.✓
- Die swart en wit foto’s met effense groen aksente is konsekwent.✓
- Die herhaalde gebruik van die blaarmotief en die spesifieke font kombinasies bring ontwerpkonsekwentheid. ✓

(Enige redelike verduidelikings in student se eie woorde aanvaarbaar)

7.4
- Die beelde verskil maar is ook binne die kleure van ’n spesifieke handelsmerk. ✓
- Verenigde elemente is die gebruik van negatiewe ruimte rondom die produk – dit skep ’n gevoel van kalmte en weelde. ✓
- Die kalm kleure, klein konsekwente font en logo bring handelsmerk-eenheid. ✓

(Enige redelike verduidelikings in student se eie woorde aanvaarbaar)

7.5
- Die ontwerpe is skoon en vars.
  Die kleurpalet is helder en vroulik. ✓
- Die gebruik van vierkantige vorms gekombineer met organiese 'borrel' vorms en blokke kleur vorm ’n goeie samehang. ✓
- Die ontwerpe is ruim, duidelik en minimalisties, hoewel kleurvol. ✓

(Enige redelike verduidelikings in student se eie woorde aanvaarbaar)

(5 × 3) **[15]**

VRAAG 8

8.1
- Effek #1: Reklameartikels ✓ Die kontrasterende areas in die beeld word deur ’n lyn in die middel verdeel, wat ’n interessante ruimtelike balans skep. ✓
- Effek #2: Uniekheid ✓ – die beeld toon die produk is ’n onmoontlike posisie sodat dit ’n gevoel van spanning en belangstelling skep. ✓

(Enige redelike verduidelikings in student se eie woorde aanvaarbaar)

8.2
- Effek #1: Makrofotografie ✓ – die foto’s van die groente is van naby en toon baie detail – dit laat dit heerlik en vars lyk. ✓
- Effek #2: Ritme ✓ – die herhalende aard van die onderwerp voeg tekstuurgevoel by die beeld. ✓

(Enige redelike verduidelikings in student se eie woorde aanvaarbaar)

8.3
- Effek #1: Geforseerde perspektief ✓ – plaas fokus op die hoofonderwerp. ✓
- Effek #2: Heldertoonbeligting ✓ – Dit laat die hele beeld ongewoon en skoon lyk – dit help om op die hoofonderwerp te fokus. ✓

(Enige redelike verduidelikings in student se eie woorde aanvaarbaar)

8.4
- Effek #1: Bokeh (die estetiese kwaliteit van die wasigheid) ✓ – Die agtergrond lyk wasig en uit fokus – dit voeg diepte by en bring fokus op die hoofonderwerp.✓
- Effek #2: Die komposisie van die beeld maak gebruik van die reël van derdes ✓– dit skep leë ruimte in die linker onderste hoek en help om fokus op die hoofonderwerp te hou.✓

(Enige redelike verduidelikings in student se eie woorde aanvaarbaar)

8.5
- Effek #1: Bewegingswasigheid ✓ – die fokus is skerp, maar die druppels sap wat deur die lug vlieg is wasig wat ’n gevoel van beweging skep.✓
- Effek #2: Dowwetoonbeligting ✓ – die beeld is nog helder, maar die agtergrond-items is minder in fokus en kom donkerder voor as die item in die voorgrond – dit voeg diepte tot die foto by. ✓

(Enige redelike verduidelikings in student se eie woorde aanvaarbaar)

(5 × 4) **[20]**

TOTAAL AFDELING B: 60

AFDELING C

VRAAG 9

9.1 Ken tot VYF punte toe vir elk van die VYF kaartontwerpe.

Uiteensetting:
- Kan jy die gesegde in die illustrasie identifiseer? (1 punt)
- Pas die ontwerp/illustrasie by die res van die pak? (1 punt)
- ’n Punt uit 3 vir kreatiwiteit en tekenstyl. (3 punte) ✓✓✓ (25)

9.2 Ken ’n punt uit VYF toe vir elk van die volgende:
- Korrekte uitvoering van die opdrag ✓✓✓✓✓
- Die kwaliteit van die ontwerp ✓✓✓✓✓
- Die korrekte tegniek om die lintvoorkoms te skep (skaduwees ens.) ✓✓✓✓✓
- Die leesbaarheid van die woord ✓✓✓✓✓
- Die algehele resultaat as ’n kreatiewe kunswerk ✓✓✓✓✓ (25)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 10

10.1 Ken tot VYF punte toe vir elk van die volgende:

- Korrekte uitvoering van die opdrag – alle inligting ingesluit en illustrasie bedek die res van die ruimte ✓✓✓✓✓
- Kreatiwiteit van die ontwerp ✓✓✓✓✓
- Hoe duidelik/logies is die inligting in die uitleg? ✓✓✓✓✓
- Tekenvaardigheid ✓✓✓✓✓
- Oorweging van hoe ontwerp oor 'n 3D-voorwerp toegepas/beskou/hersien/gelees sal word. ✓✓✓✓✓
- Aandag is gegee aan die styl van letterwerk binne die konteks van die breër ontwerp. ✓✓✓✓✓

(6 × 5) (30)

10.2 Ken tot VYF punte toe vir elk van die volgende:

- Korrekte uitvoering van die opdrag – die ontwerp van 10.1 is korrek oor 'n 3D-voorwerp gebruik/oorgeteken. ✓✓✓✓✓
- Tekenvaardigheid ✓✓✓✓✓
- Oorweging van hoe ontwerp oor 'n 3D-voorwerp toegepas/beskou/hersien/gelees sal word. ✓✓✓✓✓
- Aandag is gegee aan die styl van letterwerk binne die konteks van die breër ontwerp. ✓✓✓✓✓

(4 × 5) (20)
[50]

TOTAAL AFDELING C: 100
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou